

Maandag 19 Januarie 2015 : Jesus bid altyd weer.

Skriflesing

Mark 1:32-39

Luk 5:12-17; 6:12-13

In die drie jaar van Jesus se openbare bediening op aarde was daar nie 'n dag waarop Hy nie 'n oorvol program gehad het nie. Dit is 'n maklike stelling om te maak. Is dit regtig waar? Kom ons gaan kyk hoe het die Saterdag gelyk voordat Jesus baie vroeg die volgende oggend gaan bid het?

Aan die begin van die sabbatdag is Jesus na die sinagoge toe om mense daar te leer. Hy het nog nie sy nie preek voltooi nie, toe daag 'n onrein gees in 'n man Hom uit. Jesus dryf die onrein gees uit. Toe Jesus en Sy dissipels uit die sinagoge kom, het hulle reguit na die huis van Simon en Andreas gegaan. Daar word Hy van die siekte van Simon se skoonma vertel. Hy verrig 'n tweede wonderwerk, waarskynlik binne 'n uur na die uitdryf van die onrein gees.

Hierna is daar geen sprake van rus meer nie. Al wat 'n sieke en duiwelbesetene is, is na Hom gebring. Teen skemeraand drom die **hele dorp** nog by die deur saam. Jesus genees talle siekes van allerlei kwale en dryf baie duiwels uit. Dit moes laataand gewees het toe Jesus uiteindelik in die bed gekom het.

Ons lees in Mark 1:35 dat na so 'n dag Jesus die volgende môre vroeg, toe dit nog nag was, opstaan het en na 'n eensame plek toe gegaan het om te bid.

Hy word wreed onderbreek deur Simon Petrus met die woorde: "Almal soek U."

Ons leer by Jesus dat, anders as wat ons dit doen, 'n oorvol program nie die afskaling van gebedstyd met God tot gevolg mag hê nie. Menigtes met geestelike nood en liggaamlike nood drom om Jesus saam. Wat doen Hy? Ons lees in Luk 5:16: "Hy het Hom altyd weer in eensame plekke afgesonder om daar te bid."

Gebedsafsondering was in Sy lewe nie 'n uitsondering nie, dit was 'n reël. Daar het nooit 'n verslapping in Sy gebedslewe gekom nie.

Martin Luther het iets hiervan verstaan. Hy het gesê: "Tyd met God spandeer, is tyd gewen." Van hom word vertel dat hy gewoonlik in die oggend 'n uur in gebed met God deurbring het. Maar as hy die dag 'n baie vol program het, het hy dit 2 uur gemaak.

Hoe lyk dit in u lewe?

Ek moet bely dat 'n voller program in my lewe baiekeer lei tot minder gebed. As die bediening ophoop en 'n klomp fisies en geestelik honger mense hulp soek, gaan ek hulp vra, beplan en net vinniger rondhardloop om aan alles aandag te gee en ek gaan waarskynlik minder bid.

Jy moet daaglikse 'n "altyd weer" gebedsafspraak met God hê. **Stiltetyd** en gebed is nie in die eerste plek iets wat God nodig het nie, dit is iets wat ek nodig het.

Jesus bid voor Hy belangrike besluite neem

Ons lees in Luk 6:12-13 dat op die vooraand van een van die belangrikste besluite wat Jesus moes neem, Hy 'n hele nag in gebed deurbring. Eers daarna wys Hy sy 12 dissipels aan.

Voor elke groot gebeurtenis in Sy lewe, het Hy alleen gaan bid. In die eensaamheid van die berg en die stilte van die nag gaan soek Hy vir God op. In ongerepte natuur, onder 'n oop hemel en met naggeluide om Hom, praat Hy met sy Vader.

Hoekom doen Hy dit? Jesus self sê in Johannes 5 vers 19 en 30: "Die Seun kan niks op sy eie doen nie."

Sy lewe en besluite word nie deur die massas, nuutste mode of topverkoper boek bepaal nie. Jesus maak nie Sy eie planne nie. Hy hoor wat is die Vader se planne. Hy soek nie Sy eie wil nie, Hy laat die Vader se wil geskied. Sonder die Vader kon en het Hy niks gedoen nie. Daarom bid Hy daagliks voor Hy belangrike besluite neem.

Wanneer het jy 'n nag in gebed deurgebring? Jy doen dit nie om mense te beïndruk nie, maar in afhanklikheid van God weet ons dat ons nie anders kan nie.

Ook in sy tyd van krisis, bid Jesus.

Ons hoor in Matt 26 dat Jesus in Getsemané drie maal bid: "My Vader, as dit moontlik is, laat hierdie lydensbeker by my verbygaan. Moet nogtans nie doen soos Ek wil nie, maar soos U wil."

Afsluiting

Gebed is by Jesus 'n manier van lewe. Kom ons kies opnuut om te gaan bid soos ons Leermeester. Kom ons bid altyd weer in die jaar wat voorlê: "Here, ek kan nie. U kan. Help my asseblief. Here, ek weet nie. U weet. Lei my asseblief."

Amen